Woensdag 28 April

Skrifgedeelte: Kolossense 3:18 – 4:1	Fokusgedeelte: Kolossense 3:23, 24 (1983-vertaling)

Moenie die nuwe verhoudinge waarin God jou – deur Christus – herbore laat word het, verloor nie

Die gelowiges aan wie Paulus hier skryf - en dus ook aan ons – moes weet dat dit nie genoeg is om net deur Christus in nuwe verhoudings *herbore* te word nie. Hierdie nuwe verhoudings moet ook elke dag dieper in Christus *wortelskiet*. Met ander woorde: die gelowige moet in sy of haar verhoudings só op Christus gefokus bly dat hierdie verhoudings al meer en meer verdiep.

Mans en vrouens is deur Christus bevry van selfgerigtheid en die soek van eiebelang. In Christus is die man werklik ’n verstandige hoof vir die vrou, en vir die vrou is die man haar dierbaarste beskermer. Hierdie verlossingsvreugde kan en moet elke dag méér en inniger word.

Ook ouers en kinders word met verlossingsvreugde ’n heerlike geskenk vir mekaar, en dit moet elke dag al voller en ryker beleef word.Ongehoorsaamheid en tergery van mekaar moet dadelik herken word as afdraaipaadjies waarop Satan ouers en kinders wil verlei.

Ons is álmal slawe … slawe van “die Here in die hemel”. Daarom is enige hooghartigheid of minderwaardigheid uitgesluit. Ons het net maar een opdrag: “Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie …”

Hoor jy die Here se Woord hier in hierdie Skrifgedeelte ook aan jóu …? Dit is nie genoeg om, wat esinsverhoudinge betref, net in Christus weer gebore (*wedergebore*) te word nie. Jy moet hierin op Hom *blý fokus* en só moet hierdie verhoudings dieper en dieper groei … anders bestaan die gevaar dat jy hierdie nuutgemaakte verhoudings kan verloor!

Sing: Psalm 25-1:2

Ds. D Laufs (Dirk) (Emeritus)